## DIE FONDASIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**


**ACIM: Stad 8/4 en Kolping 17/4**
**Bejaardesorg: Larél — 071.493.07.10**
**Geskiedenis van die Bybel: Mei 2019**

**BOEKGROEP**
**Maandag: 6 Mei 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

➢ **registrasies.neospektrum@gmail.com**

**BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA**

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail_______________________________ Sel_______________________

**ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE**

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

**SnapScan**
Download APP vir jou foon.

Installeer en gebruik met veiligheid.



# NEO-SPEKTRUM

## 7 APRIL 2019

## DIE STERWENSVERHAAL

## DAKKAMERS EN TUINE

## STILTE IN DIE KAPEL

~ STAY HERE — TAIZÉ ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

If you water the soil of love
You'll kiss sweet petals of compassion
A garden for the mind to dwell
The heaven you couldn't imagine

My roots are bound to Mother Earth
Give birth to our florescence
The season change
Through sun and rain
I'll bloom to show God's presence

— Terblanche Jordaan (Jnr)

## STILTE VAN BINNE

## ꕥ DIE LAASTE AVONDMAAL ꕥ

### 1. JUDAS ISKARIOT — die simbool van Juda as metafoor vir 'Jode'

Toe het een van die twaalf dissipels, die een wat Judas Iskariot genoem is, na die priesterhoofde toe gegaan en gesê: *"Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom?"* Hulle het hom toe dertig silwermuntstukke betaal. Van toe af was hy op die uitkyk na 'n geskikte geleentheid om Jesus te verraai.

### 2. BROOD & WYN — simbole van eenheid met mekaar en met God

Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en nadat hy dit geseën het, het hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee, het hy gesê: *"Neem, eet; dit is my liggaam."* Toe neem hy 'n beker en nadat hy 'n dankgebed gedoen het, gee Hy dit vir hulle en sê: *"Drink van dit, almal van julle, want dit is my bloed, die bloed van die verbond wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes. Maar ek sê vir julle: Van nou af sal ek nie weer drink van die vrug van die wingerdstok nie tot op die dag wanneer ek saam met julle dit opnuut drink in die koninkryk van my Vader."* Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe.

================================================================

## ꕥ IN GETSEMANE — GEBED EN GEVANGENE ꕥ

### 3. GEBED — die simbool van worsteling, krag en ontwaking

Daarna kom Jesus met sy dissipels by 'n plek met die naam Getsemane, en Hy sê vir hulle: *"Sit hier terwyl Ek daar gaan bid."* Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword en vir hulle gesê: *"Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak saam met My."* Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: *"My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil."* Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir Petrus: *"Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie? Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak."* 'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: *"My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied."* Toe Hy terugkom, kry Hy hulle weer aan die slaap, want van die vaak kon hulle nie hulle oë oophou nie. Hy het hulle weer alleen laat bly en 'n derde keer gaan bid en dieselfde woorde gesê. Toe kom Hy na die dissipels toe terug en sê vir hulle: *"Slaap en rus julle nog? Die uur het gekom. Die Seun van die mens word in die hande van sondaars oorgegee. Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraai, is naby."* ***— Matteus 26:14-16, 26-30, 36-46***



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ PSALM 121 — ORTHODOX JEWS ~

---

## Herinnering en Seënbede

*God is die bron van LEWE **(Source of Life)***
*— and I can only worship God by living, living fully …*

*God is die bron van LIEFDE **(Source of Love)***
*— the only way I can worship God is by loving ... love wastefully!*

*God is die bron van LIG **(Source LIGHT — ground of BEING)***
*— to worship God in the fulness of my being and make God manifest.*

*God gives you permission to live in the fulness of love to become the light*

*Hoop is op haar helderste as die uur op sy donkerste is*
*Hoop motiveer wanneer ons ontmoedig voel*
*Hoop gee energie as die liggaam moeg en uitgeput is*
*Hoop maak soet as bitterheid ons verteer*
*Hoop sing selfs as ons die melodie vergeet het*
*Hoop glo as alle feite en bewyse verdwyn het*
*Hoop hoor die antwoorde, al sou niemand iets vra nie*
*Hoop klim oor hindernisse, al sou niemand help nie*
*Hoop glimlag met selfvertroue, al lag niemand saam nie*
*Hoop hou aan tot 'n oorwinning, al moedig niemand ons aan nie*
*Hoop waag dit om te gee, al deel niemand anders met ons nie*
*Hoop maak môre 'n vandag, en vandag se hoop is 'n ewigheid.*

---

## Be the Awareness of the Presence of God

~ HYMN TO HOPE — SECRET GARDEN ~